

OPGESOMDE RESULTATE

VIR DIE JAAR GEËINDIG 28 FEBRUARIE 2015



- SVDD-waarde per aandeel **↑ 74,5%** tot **R9,18** op 28 Februarie 2015
- SVDD-waarde per aandeel van **R9,75** op 31 Maart 2015
- Herhalende wesensverdienste per aandeel **↑ 15,4%** tot **35,3 sent**

- Zeder maak 'n aanbod aan **Capespan**-minderheidsaandeelhouers
- Verkry **27,3%** direkte belang in **Pioneer Voedsel**
- Dividend per aandeel **↑ 22,2%** tot **5,5 sent**

OORSIG

Zeder is 'n belegger in die breë landboubedryf, met 'n spesifieke fokus op die voedsel- en dranksektore. Die waarde van sy onderliggende beleggingsportefeulje het beduidend toegeneem van R5,2mjd op 28 Februarie 2014 tot R13,3mjd op 28 Februarie 2015. Zeder se belang van 27,3% in Pioneer Voedsel bly sy grootste belegging en maak 71,4% van die portefeulje uit.

SOM-VAN-DIE-DELE ("SVDD")

Zeder se SVDD-waarde per aandeel, wat bereken word deur die gekwoteerde markpryse vir alle JSE-genoteerde beleggings en markverwante waardasies vir ongenoteerde beleggings te gebruik, het met 74,5% gestyg tot R9,18 op 28 Februarie 2015. Met die beursluiting op Dinsdag, 31 Maart 2015 was Zeder se SVDD-waarde per aandeel R9,75.

Maatskappy	28 Feb 2014		28 Feb 2015		31 Mrt 2015	
	Belang (%)	Rm	Belang (%)	Rm	Belang (%)	Rm
Agri Voedsel	47,4	2 187				
Pioneer Voedsel	1,1	164	27,3	9 533	27,3	10 360
Capespan	72,1	777	71,1	1 463	71,1	1 463
Zaad	92,0	679	92,0	885	92,0	885
Kaap Agri	37,9	528	37,9	629	37,9	629
Agrivision	76,7	560	76,5	563	76,5	563
Quantum Voedsel			26,4	231	26,4	240
Ander		76		52		50
Capevin Beherend (verkoop)	2,7	177				
Totale beleggings		5 148		13 356		14 190
Kontant en kontantekwivalente		376		338		160
Ander netto verpligtinge		(365)		(439)		(266)
SVDD-waarde		5 159		13 255		14 084
Aantal uitgereikte aandele (miljoen)		980		1 444		1 444
SVDD-waarde per aandeel (rand)		5,26		9,18		9,75

HERHALENDE WESENSVERDIENSTE

	Feb 2014 Rm	Verandering (%)	Feb 2015 Rm
Verdienste-ontleding			
Voedsel, drank en verwante dienste	247		417
Landbouverwante kleinhandel, handel en dienste	74		64
Landbou-insette	50		74
Landbouproduksie	(5)		(14)
Herhalende wesensverdienste vanaf beleggings	366	48	541
Netto rente, belasting en ander inkomste en uitgawes	(7)		(9)
Bestuurs(basis)fooi	(59)		(118)
Herhalende wesensverdienste	300	38	414
Bestuurs(prestasie)fooi	(59)		(118)
Eenmalige wesensverdienste, na belasting	19		(39)
Wesensverdienste	260	(1)	257
Nie-wesensitems	47		(15)
Toeskryfbare verdienste	307	(21)	242
Geweegde gemiddelde aantal uitgereikte aandele (miljoen)	980		1 172
Herhalende wesensverdienste per aandeel (sent)	30,6	15	35,3
Wesensverdienste per aandeel (sent)	26,6	(17)	22,0
Toeskryfbare verdienste per aandeel (sent)	31,3	(34)	20,6

Herhalende wesensverdienste per aandeel het met 15,4% tot 35,3 sent gestyg, danksy sterk bydraes deur die meeste van Zeder se onderliggende portefeulje maatskappye.

VOORUITSIGTE

Zeder sal aktief by sy bestaande portefeulje van maatskappye betrokke bly en deurentyd nuwe geleenthede ondersoek. Ons glo dat die landbou-, voedsel- en dranksektore, plaaslik sowel as in die buiteland, lonende beleggingsgeleenthede bied.

Zeder het 'n formele aankondiging aan die mark gemaak rakende sy vaste voorneme om die oorblywende 25% aandele in Capespan gehou deur minderheidsaandeelhouers, uitgesluit bestuur, deur middel van 'n reëlinskema te verkry. Die aanbod van 85 Zeder-aandele in ruil vir elke 100 Capespan-aandele gehou verteenwoordig 'n premie van ongeveer 65% vir Capespan-aandeelhouers

en bied hulle 'n likiede alternatief gegewe die beperkende oor-die-toonbank verhandeling-omgewing weens die FSB se 2014-riglyn. Die voorgestelde transaksie se waarde beloop meer as R500m.

DIVIDEND

Die direkteure het besluit om 'n finale bruto dividend van 5,5 sent (2014: 4,5 sent) per aandeel ten opsigte van die finansiële jaar geëindig 28 Februarie 2015 te verklaar. Die dividend is bereken ooreenkomstig Zeder se beleid om tot 100% van vrye kontantvloei as 'n finale gewone dividend te betaal. Die finale dividendbedrag, na aftrekking van Suid-Afrikaanse dividendbelasting, is 4,675 sent per aandeel vir aandeelhouers wat nie van dividendbelasting vrygestel is nie. Die aantal uitgereikte gewone aandele op die verklaringsdatum is 1 443 843 985, en die inkomstebelastingnommer van die maatskappy is 9406891151.

Die belangrike datums van hierdie dividendum is die volgende:

Laaste dag vir verhandeling met dividend	Woensdag, 22 April 2015
Verhandeling sonder dividend begin	Donderdag, 23 April 2015
Rekorddatum	Donderdag, 30 April 2015
Betaaldatum	Maandag, 4 Mei 2015

Aandeelsertifikate mag nie gedematerialiseer of gerematerialiseer word tussen Donderdag, 23 April 2015 en Donderdag, 30 April 2015, albei dae ingesluit, nie.

KENNISGEWING AAN AANDEELHOERS

Hierdie vrywillige aankondiging bevat slegs 'n opsomming van die inligting van die volledige aankondiging wat op Woensdag, 8 April 2015 op SENS vrygestel is, en is die verantwoordelikheid van die direksie. Raadpleeg asseblief die volledige aankondiging vir addisionele inligting. Die volledige aankondiging is ook op Zeder se webwerf beskikbaar by www.zeder.co.za of kan gedurende kantoorure gratis aangevra en verkry word by die maatskappy se geregistreerde kantoor of by die maatskappy se borg. Enige beleggingsbesluite deur beleggers en/of aandeelhouers moet gebaseer word op 'n oorweging van die inligting in die volledige aankondiging.

Geteken namens die direksie

Jannie Mouton
Voorsitter

Norman Celliers
Hoof Uitvoerende Beampte

8 April 2015
Stellenbosch